

HOOFSTUK X.

NATURELLE EN VUURWAPENS

Een van die faktore wat invloed uitgeefen het op die verhouding wat die Inboorlinge teenoor die Boere-Administrasie aangeneem het, was die verspreiding van vuurwapens onder die Inboorlinge. Die lewe en eiendom van die Blankes is hierdeur in gevaar gebring. Dit het die Naturelle onderdane van die Republiek aangemoedig om die gesag van die Republiek te verontagsaam, en deur die opstandige gees wat als gevolg van die verspreiding van Vuurwapens ontwikkel het, is die uitvoering van die wette wat van toepassing was op Naturelle vermoeilik.

Net soos ander handelsartikels is vuurwapens en ammunisie van die Ooskus van Afrika na die binneland ingevoer. By die Bawenda Kaptein, Rasethau, kry L. Trigardt op 28 Maart 1837 kruit, en verneem, dat hulle ook gewere besit. Op sy vraag of hulle ook koeëls het, is geantwoord, dat hulle net met kruit skiet. ¹ Ons kan aanneem, dat die gebruik van vuurwapens in daardie tyd onder die Inboorlinge in die noordelike dele van die Transvaal nog nie algemeen bekend was nie. Trigardt laat sy gewere deur die Kaffers dra, "omdat wij (Trigardt) wel bewust is dat zij met de geweurs niets uitvoeren kan." ²

Vuurwapens is egter ook van die suide na die binneland

1. Preller: Dagboek van L. Trigardt, 28 Maart 1837, 6 Mei 1837
2. Dieselfde, 17 Januarie 1838

ingevoer. Die verkoop daarvan buite die grense van die Kaap-
kolonie is in die begin van die 19e eeu toegelaat.¹ Van hier
was dit veral deur die Grikwas onder Kok en die Sendelinge wat
die gebruik van die vuurwapens onder die Inboorlinge verder
noord bekend gemaak het,² versprei. In 1822 was die Grikwas
al so goed met vuurwapens voorsien, dathulle 'n kommando teen
die Mantaties kon organiseer.³

Sommige van die Britse Setlaars wat in die twintiger jare
van die 19e eeu in Natal gaan woon het, het ook vuurwapens aan
die Inboorlinge verruil. Kaptein Gardiner het die gevaar hier-
van ingesien, en die Kaapse Regering versoek, "to render such
proceedings not only illegal but criminal."⁴ Die Wetgewende
Raad het egter tot die besluit gekom, dat daar geen wet was,
wat die handel verbied het, en dat dit buite hulle bevoegheid
was om so 'n wet te maak.⁵

Hierdie ongewensde handel het dus onbelemmerd ontwikkel
totdat die Trekkers hulle in Natal gaan vestig het. Die
Natalese Volksraad het die gevaar van die toestand besef, en om
die verdere uitbreiding van die handel te stuit, op 4 Maart
1840 besluit:

Dat bepaald is dat g een Kleurling binnen onze lemieten eige-
naar zal mogen zijn van geweef en wapenen, nog zal niemand ge-
permitteerd zijn geweeren of wapenen te moogen verhandelen of
verkoopen aan enig Kleurling zo ver zich onse lemieten uit-
strekt. Elk gekleurd of vrij persoon een geweer bij zich heb-
bende zal van zijn dienstheer met een pas moeten voorzien
zijn dat alle maanden moet verniewd zijn. Aan een ieder hier
in overtreeden om geweeren of ammonutie te verhandelen zal voor
de Eerste maal verbeuren Rds. 500 de tweede maal verdubbeld en
de derde maal onder verbeurte van Transportatie en confiscatie
van al zijn goed. 6.

-
1. G.M. Theal: Records of Cape Colony, XXXV, bls. 254.
 2. G.W. Stow: Native Races, bls. 288.
 3. Dieselfde.
 4. Bird: Annals of Natal I, bls. 314.
 5. Dieselfde, bls. 316.
 6. N.I. V.R.N. 4 Maart 1840, Arts. 7. 8 en 9.

Op 3 April 1840 het die Natalse Volksraad weer besluit om die naburige Inboorlinge drie maande kans te gee om hulle vuurwapens uit te lewer. Toe aan die besluit nie gehoor gegee word, nie, het die Raad in Augustus 1840 besluit, dat geen Soeloe-kaffers gewere by hulle mag hê nie. Alle gewere wat na 1 September by 'n Kaffer gevind word, sou verbeurt verklaar word.¹

Die Volksraad van Natal het wel boetes opgelê waar dit onder hulle aandag gebring is, dat handelaars die bepalinge oortree² het, maar veral vir die gebied noord van die Vaalrivier was dit 'n moeilike bepaling om deur te voer. Handelaars het van alle kante dié gebied ingetrek om te deel in die winsgewende handel. Gevolglik het die Volksraad van Orligstad besluit, dat handelaars skriftelike verlof moes kry om Inboorlingstamme noord van die Vaalrivier te besoek. L. du Preez is aangestel vir die gebied "zo verre als hier posetief bewoond word aan deze sijde Oliphants Rivier." Elke handelaar moes by hom vir die verlof aansoek doen. Daar die Volksraad nie kans gesien het nie om aan die "ander kant" van die Olifantsrivier iemand aan te stel, is 'n beroep op almal gemaak om enige vreemde-³ deling wat hom noord van die Vaalrivier begeef, in "sy vooruitgang te stuit" en toe te sien, dat hy nie met die Inboorlinge handel nie.

Nieteenstaande die verbodsbepaling het handelaars nog sonder verlof handel gedrywe en veral ivoor vir vuurwapens ver-⁴ ruil. Om die onwettige handel in die uitgestrekte gebied met so min amptenare te voorkom, was nie moontlik nie. 'n Paar

-
1. N.V.R.N. 6 Augustus 1840, Art. 6.
 2. N. II, V.R.N. 8 April 1840.
 3. V.R.N. 18 Maart 1846, Art. 7; E.V.R. 104, V.R. 14/46.
 4. E.V.R. 104, V.R. 14/46.

van die oortreders soos Macaba is gevang en met Rds. 500 be-
1
boet.

Teen die einde van die veertiger jare het verskillende
Kapteins reeds vuurwapens besit en die nadelige gevolge daar-
van het gou duidelik geword. Maleeu bv. .. was reeds in Ok-
tober 1848 in besit van agt-en-twintig gewere, wat hy van En-
2
glese handelaars geruil het. Hy het so parmantig geword, dat
3
die Volksraad op 7 Oktober 1848 besluit het;

dat geen kaffers opperhoofd nog eenig kaffer welken aard man-
tatee of om welke benaming geen eienaar zal mogen zijn van een
geweer of paard onder welke voorwendsel, ook als in bewaring
te houden voor iemand.

Alle gewere en ammunisie wat by Kaffers gevind word, sou ver-
beurt verklaar word tot voordeel van die "algemene kas". Die
Kaffer moes aan die naaste gesaghebbende persoon besorg word,
wat hom vir 'n jaar sou verban.

Aan Veldkornet Nel is opgedra om teen Maleeu op te trek.
Die Kaptein is met 55 man aangeval en 24 gewere en 'n hoeveel-
heid kruit en lood van hom ontnem. Verder moes hy 56 beeste
4
as skadevergoeding betaal wat onderdie burgers verdeel is.

Om 'n herhaling van die onluste te voorkom is in November
1848 uit naam van die Hoof-Kommandant Potgieter en "het publiek
van Magaliesberg en Mooi-Rivier" aan die Landdros van die dorp
5
Mooirivier" aan die Landdros van die dorp Mooirivier opgedra:

om streng te waken op de handelwijse van alle Kooplieden welke
uit het land bezuiden 26 graad in de landen welken benoorden
gezegde graad koophandel komen drijven en vooral te waken over
de invoer van geweeren, kruid en lood, welke men, zoo wij ver-
nemen hebben, invoert om met de zwarte Natien Handel te drij-
ven, welke handel volgens onze bestaande wetten geheel onge-
oorloofd en verboden is.

1

1. V.R.N. 18 Maart 1846, Art.7; E.V.R. 104, V.R.10/46; R.121a/47
2. V.R. 56/48 - Brief van P. Nel aan V.R. 10 Oktober 1848.
3. V.R.N. 7 Oktober 1848; R. 155a/48.
4. V.R.N. 7 Oktober 1848, Art. 1.
5. Die straf vir die eerste oortreding was Rds. 500, vir die tweede Rds. 1000 en vir die derde "dezelfde verbeurtverklaring als vooren en verbanning uit dit land van Personen zonder onderscheid in deezen handel behulpzaam zijn geweest. R. 161/48.

Hy moes ook toesien, dat die straf op die oortreders "zonder onderscheid der Persoon" toegepas word.

Ook die Volksraad-party het die onluste 'n gevolg beskou van die verspreiding van vuurwapens. Gevolglik het die Raad ook op 6 Oktober 1848 bekend gemaak:¹

dat geen kaffer "tot aan de graden van het Brittisch gezag geweeren of ammounutie in zijn bezit te hebben onder welke benaming het zij in eigendom dan wel in bewaring. Verder word mit deze elkeen ieder gewaarskuwd om geene geweeren paarden of ammunutie als bepaald aan kaffer of andere gecouleurde te verhandelen of onder andere voorwendzels in besit te laten krygen.

Nie alleen die buitelandse handelaar nie, maar enige persoon wat 'n Inboorling in besit van 'n vuurwapen laat kon, sou met Rds. 500 beboet word.

Op 22 Januarie 1850 het die Volksraad te Potchefstroom besluit, dat elke handelaar wat nie 'n inwoners van die Maatskappy was nie, vir elke wavrag nagosie £3 moes betaal. Vreemde handelaars is nie toegelaat nie om na Kafferkrale te reis om handel te drywe nie. Oortreders van die bepaling het hulle bloot gestel aan 'n boete van £500 en daarby kon hulle goed gekonfiskeer word.²

Die Inboorlinge het egter meer en meer die waarde van vuurwapens leer ken. Livingstone vertel van Inboorling-gidse wat vyf of ses maande met Engelse reise na die noorde onderneem het en sewe tot agt-honderd myl afgelê het om 'n goedkoop geweer te ontvang.³

Handelaars het jagters na die binneland gevolg en 90 lb. ivoor gevra vir 'n geweer en baie het 70 lb. ivoor vir 'n tweedehand geweer, waarvoor hulle nie meer as tien sjielings betaal het nie, gekry terwyl die ivoor in Kaapstad teen vyf sjielings die pond verkoop is.⁴

-
1. R. 155a/48 - Publieke kennisgewing, 6 Oktober 1848.
 2. V.R.N. 22 Jan. 1850: St. Court.Z.A.R. No. 47, 22 Okt. 1858
 3. David Livingstone: Missionary Travels and Researches in South Africa (1912) bls. 110.
 4. Dieselfde, bls. 137.

Omdat daar so baie vuurwapens deur die Delagoabaai ingevoer is, is in 1850 'n Kommissie afgevaardig om met die Portugese te onderhandel. 'n Ooreenkoms van vriendskap is gesluit. Een van die sake in verband waarmee beide partye saangestem het was

om ten stelligsten te beletten, dat geen kaffer wien hy ook zijn mocht geweeren kruid en lood te laten nemen of krijgen of te laten behouden en ten stelligsten te beletten dat niemand zulks aan de Kaffers verruilen of verkopen mogt. 1.

Die Portugese was egter nie in staat om die handel te belet nie.

Die Kaffers in die noordelike dele van die Transvaal was in die begin van die vyftiger jare al betreklik goed van vuurwapens voorsien en was so opstandig, dat 'n Kommissie-Raad by "de Kruis" (Magaliesberg) bymekaar gekom het op 30 Maart 1851. Genoegsame rede om die Kaffers aan te val, het hulle nie gevind nie, dog was dit duidelik

dat er vijandelijke bewegings en moedwillige ongehoorzaamheid onder hun plaats vind.

waardeur hulle verplig was om die saak ernstig aan te pak, die vuurwapens op te eis, en so die bedreigde inval voorkom, "die algemene veiligheid en rust verstoord." Met alle versigtigheid moes egter te werk gegaan word, om bloedvergieting te voorkom. Wanneer die Kaffers halstarrig weier om die vuurwapens uit te lewer, moes hulle verplig word om dit te doen.² 'n Soortgelyke besluit is ook deur 'n Kommissie-Raad op 11 Junie 1851 te Lydenburg geneem.³ Hier is nog bygevoeg, dat die Kaffers die koste wat veroorsaak word, as geweld gebruik moes word, sou betaal.

Die eerste Kaptein binne die Boeregebied wat die Boer

1. V.R.N. Augustus 1850.
2. V.R.N. 30 Mei 1851.
3. Kommissie Raad Notule 11 Junie 1851 (E.V.R. IV).

probeer ontwapen het was Sekwatie. Op 27 November 1851 het die Volksraad besluit dat die Kommando in die begin van 1852 bymekaar moes kom.¹ As gevolg van die droogte wat daar geheers het, het die Kommando nie uitgetrek nie. Op 15 Junie berig Potgieter aan die Volksraad, dat Sekwatie nog altyd vuurwapens aan koop en naburige Kapteins bedreig.² Op 4 Augustus skryf hy weer aan die Volksraad, dat die Kommando nie meer uitgestel kon word nie, daar die stamme wat voorheen goedgesind was, nou by die opstandige Kapteins aansluit.³

Hierop het die Volksraad besluit om 'n Kommando op te roep.⁴ Op 25 Augustus 1852 was die Kommando onder Kommandant-Generaal Potgieter van die voet van die berg waar Sekwatie hom versterk het. Op 'n boodskap aan die Kaptein om sy vuurwapens uit te lewer het hy geantwoord: "Kom vat hulle."⁵

Omdat die berg te goed verskans was, en hulle nie onnodig lewens wou waag nie, is die berg beleër. Na drie dae het Sekwatie om vrede laat vra, maar toe Potgieter die uitlewering van sy vuurwapens as voorwaarde stel, wou hy nie instem nie, en is die beleg voortgesit.⁶ Die Kaffers het as gevolg van die skaarste van water, swaar gely en so baie het van dors omgekam dat die lug verpes was van die stank van mense en diere.

Potgieter het siek geword en was verplig om die bevel aan Schoeman oor te gee. Siekte het ook onder die perde uitgebreek. En toe op die twintigste dag van die beleg 'n bui reen oor die berg trek, was die Boere verplig om die beleg op te gee.

-
1. V.R.N. 27 November 1851.
 2. E.V.R. 106, V.R. 220/52.
 3. E.V.R. 106, V.R. 224/52.
 4. V.R.N. 14 Junie 1852, Art. 27.
 5. E.V.R. 106, V.R. 227/52.
 6. E.V.R. 106 V.R. 337/52.

Die poging om Sekwatie te ontwapen het misluk. Baie van sy onderdane het egter in die slag gebly eh heelwat vee is gebuit.¹

Meer as ooit tevore het die Boere nou die noodsaaklikheid gevoel om die handel in vuurwapens teen te gaan. En in hierdie opvatting is hulle nog versterk deur die Setsjelic-opstand.

Omdat die verspreiding van vuurwapens deur die Boere beskou is as een van die belangrikste oorsake van die opstandigheid van Setsjelic,² is in 1852 weer opnuut bekend gemaak dat geweer-smokkelaars "tot die uiterste toe" gestraf sou word. As iemand informasie verskaf wat tot die gevangening van so 'n oortreder lei, sou hy 'n vergoeding van £15 ontvang.

Die handel het nie tot die gebied van die Boere beperk gebly nie, maar ook aan Kaffers op die grense is vuurwapens verkoop. Op 9 November 1852 verklaar 'n seker P.D. du Preez en 11 ander persone wat 'n reis onderneem het na die "binneland-sche Meer,"³ en by Sogomo gaan skiet het: Sogomo verhaal, dat hy gewoonlik sy gewere en ammunisie van "Zijne Broeders de Engelschen en van Jan Viljoen en Piet Jacobs" kry, en dat hy hulle om die rede toelaat om in sy gebied te jag. By die "Meer" ontmoet hulle 'n Engelse handelaar van Port Natal wat 'n Kaffer van Setsjelic vir 'n geweer gehuur het. Verder noord ontmoet hulle 'n klomp Grikwas en 'n tweede Engelse handelaar wat aan hulle meedeel, dat daar geen handel meer om die "Meer" bestaan het nie, "dan alleen met geweren en ammunisie." By Soloteba het hulle 'n aantal nuwe gewere gesien wat deur 'n Engelse handelaar verruil was. Hier het hulle ook van McCabe verneem wat vier kaste gewere ingevoer het. Met hulle terugkoms het hulle weer 'n Engelse handelaar en Sameul Edwards, 'n seun van die Sendeling, ontmoet met waens gelaai

-
1. E.V.R. 106, V.R. 227/52.
 2. Verslag van A.W.J. Pretorius, 30 Augustus 1853. E.V.R.IV: "Hy Segelie was de grootste smokkelaar in amunisie en ge-weere die in dit geheele Colonie te vind is.
 3. Waarskynlik Meer Ngamie.

met ivoor wat hulle vir gewere geruil het. Verskeie ander Engelse handelaars is nog in die omgewing van die "Meer" ge-
vind.¹

Nieteenstaande die Sandrivier Konvensie bepa²l het:

er word wederzijds verstaan dat de handel in ammunisie met de gekleurden ten strengste verboden is, zoowel door het Britsche Gouvernement als door de Emigranten, ten noorden en ten zuiden van Vaalrivier.

was daar nog 'n groot aantal Britse onderdane wat die Vaalrivier oorgetrek het om te deel in die winsgewende handel.

Gevolgtik het Pretorius op 22 Oktober 1852 Sir G. Cathcart in kennis gestel van die smokkelaars wat uit die Kaapkolonie gekom het om die vyande van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse Regering van Vuurwapens te voorsien tot die "Grootste nadeel" van beide state.³ Cathcart het ook gemeen that laws and regulations should be made to restrain and punish those, who by their evil designs or dishonest transactions become the enemies of the State or of Society in general. 4.

Hy vergeet egter nie om Pretorius te vermaan nie that all good men be they pious Missionaries or honest traders are entitled to and must be assured of equal protection, on both sides of the Vaal and Orange rivers. 5.

Vergeleë van die hawestede sou die Boere die handelaar as 'n welkom virend beskou het, maar die smokkelaar wat die Inboorlinge die geweer in die hand stop het kon hulle nie toelaat nie.

Toe die Inboorlingstamme dan in die begin van die vyftiger jare op verskillende plekke opstandig begin word, het die Volksraad weer op 14 Mei 1853 besluit om die Goewerneur van die Kaapkolonie in kennis te stel, dat dit die wens van die Raad

1. R. 450/52.
2. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 13.
3. R. 473/52.
4. Dieselfde
5. Dieselfde.

was dat geen reisiger of handelaar die Vaalrivier "onder" deur sou gaan nie, maar dat hulle by die eerste dorp moes aankom en 'n verlofbrief van 'n Britse Magistraat moes vertoon, waarin die hoeveelheid van gewere en kruit wat hulle by hulle gehad het op aangeteken was.¹

Aan hierdie billike versoek het die Kaapse Regering nie gehoor gegee nie, en die Inboorlinge in die Suid-Afrikaanse Republiek het by die dag meer vuurwapens in besit gekry. Dit is dus geen wonder, dat Potgieter aan die Volksraad voorgestel het om die doodstraf op smokkelaars toe te pas.² Hierop het die Volksraad op 19 September 1853 besluit:³

Dat elken persoon die ontdek mogt worden onder de gekleurde stammen kruit of geweren te verhandelen, zal worden gestraft maar den aard der zaak, in dien verstande, dat de minste straf zal zijn verbeurdverklaring van alle zijne goederen en zoo naar den aard tot der dood toe ...

Die verantwoordelikheid om oortreders gevange te neem is nou op die skouers van die Burgers gelê.⁴ Persone wat kennis gedra het van kruitsmokkelaars onder die Inboorlinge en dit nie aan die outtoriteite bekend gemaak het nie, het hulle bloot gestel aan 'n boete van Rds. 500. Smokkelaars wat hulle nie gewillig gevange wou laat neem nie, kon dood geskiet word.⁵

Vuurwapens is nie alleen in die gebied noord van die Vaalrivier ingesmokkel nie, maar Inboorlinge het die self in die Kaapkolonie gaan koop.⁶ Gevolglik het die Volksraad op 18 September 1852 besluit:⁷

Dat geen Kaffer hoe ook genaamd tot eenig stam behoorende binnen de Limietsbepalingen der Vereenigde Maatschappy .. getollereerd zal worden de Vaalrivier te passeren naar de kolonie zijde.

Enige Veldkornet of privaat persoon wat 'n Inboorling kry wat probeer om dit te doen, moes teen gegaan word, en as hy daarop

-
1. V.R.N. 14 Maart 1853, Art. 5.
 2. Die Inwoners van Soutpansberg wat die meeste te verduur gehad het, het dieselfde versoek. E.V.R.106, V.R.377/53.
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 23.
 4. V.R.N. 19 September 1853, Art. 63
 5. Dieselfde, Art. 64.
 6. E.V.R. 106, Verslag van Potgieter, 19 September 1853.
 7. E.V.R. 106, V.R. 226/52.

staan om sy oogmerk te bereik, kon hy dood geskiet word.

Die Suid-Afrikaanse Republiek het nog altyd gehoop dat die Kaapkolonie 'n plan sou maak en op 16 Januarie 1855 is weer onder die aandag van Sir. G. Grey gebring, dat die "vrije handel" in kruit aan Inboorlinge wat tot dusver 'n "afkeer van bescha-
wing betoonde" die alletreurigste gevolge gehad het en vrouens
en kinders op die wreedste manier vermoor is.¹

Die Boere het in 1853 weer daaraan gedink om die vuurwapens van die Inboorlinge te ontnem. Hulle het egter besef dat dit tot ernstige moeilikhede sou lei. Gevolglik het die Volksraad op 19 September besluit om aan die Kommandant-Generaal op te dra om 'n poging aan te wend om die vuurwapens van die Inboorlinge te ontnem.

Ook met die Vrystaat is on derhandel in verband met die saak. By 'n vergadering gehou te Pretoria op 17 September 1860 waarop die Uitvoerende Raad en 'n Kommissie van die Vrystaat verteenwoordig was, is die smokkelhandel in vuurwapens weer ernstig bespreek. Hier is ooreengekom dat niemand toegelaat sou word om meer dan tien pond kruit, lood of vuurwapens in of deur die twee state te voer, sonder 'n permit wat deur amptenare van beide state onderteken was nie, en waarin die hoeveelheid kruit, lood en aantal gewere opgeteken was. Hierdie permit moes vertoon word aan die naaste Landdros of Veldkornet en daar hulle
onderteken word sodra die persoon die Staat inkom.² Nieteenstaande die poging van die Suid-Afrikaanse Republiek om die sake met die naburige regerings te reel het die euwel bly voort-

-
1. S.S.6 - Brief van Pretorius aan Grey, Art. 63.
 2. Soutter Versameling Pak. V. II. 1b. In die Traktaat tussen die Oranje Vrystaat en die S.A. Republiek in 1872 word o.a. bepaal: De vrijheid van handel in dit tractaat uitgedrukt zal zich niet uit strekken tot contrabande artikelen am-
munitie en vuurwapenen met de naturellen - **Locale Wetten** der Z.A.R. 1849-1885, bls. 470, Art. 5. - In die traktaat wat gesluit was tussen die twee State op 9 Maart 1889 is hierdie bepaling weer opgeneem - Sien O.V.S. Wetboek 1854-1891 bls. 864, Art. 5.

bestaan.

In die begin van die sestiger jare het verskeie onderdane van die Suid-Afrikaanse Republiek ernstig by die Regering aangedring om weer by die Kaapse Regering aan te klop, en die Regering te probeer beweeg om die Suid-Afrikaanse Republiek te ondersteun in sy poging om die handel teen te gaan.¹ Die grens van die Republiek was te uitgebrei en die amptenare van die Republiek te min om dit te bewaak. Van alle kant het smokkelaars wat nie volgens die wette van die Suid-Afrikaanse Republiek handelsliksensies uitgeneem het nie,² ingetrek.³ Gevolglik het die Landdros van Potchefstroom aan die Regering voorgestel om die handel in die Republiek maar oop te sit.⁴ Die Regering wou egter nie die voorstel aanneem nie omdat hulle vir die gevolge daarvan gevrees het.

So vinnig het die handel in die begin van die sestiger jare uitgebrei, dat Kommandant P.J. Snyman in 1865, rapporteer dat die Kaffers van Soul, September en Makapan "klompsgewijze" met gewere loop om te jag. Grensbewoners van die Pretoria-distrik kon hulle plase nie meer bewoon nie omdat 300, met vuurwapens gewapende Kaffers, in die distrik rond getrek het. Soortgelyke toestande het in die Soutpansbergse distrik geheers.⁵ Om die toestand te vererger is baie stamme teen die Regering opgestook deur handelaars wat aan hulle vertel het dat die Boere hulle vyande was, en daarom nie wou toelaat nie dat aan hulle gewere verkoop word nie.⁶

Diefstalle het in die noordelike dele toegeneem en die Inboorlinge het so opstandig geword, dat die Lydenburgers teen die einde van 1863 verplig was om inlaers te trek.⁷⁸

-
1. R. 4865/61; R. 3922/60; R. 902/64; R. 320/65.
 2. E.V.R. 106, V.R. 377/53; R. 902/64.
 3. R. 902/64.
 4. R. 4865/61.
 5. U.R.II. U.R.B. 2 Junie 1865.
 6. R. 320/65; sien ook R. 902/64.
 7. R. 411/63 - Brief van Kommandant J. van Dyk, 28 Mei 1863.
 8. St. Court. Z.A.R. No. 50, 17 Mei 1864.

Gevolgtlik het die Uitvoerende Raad op 11 Mei 1864 besluit om teen die twee opstandigstes op te trek.¹

Kommandant-Generaal Kruger het die burgers kennis gegee om op 20 Junie 1864 by Pretoria byeen te wees om uit te trek.² Toe die Kommando egter op die punt gestaan het om uit te trek, vernem hulle, dat die Swasies vir Maleeu aangeval het, en byna die hele stam om die lewe gebring het.³ Ook Mapog moes onder die Swasies deur loop. Hierop is die kommando ontbind.

Om die rondlopery van gewapende Inboorlinge teen te gaan, het die Volksraad in 1866 besluit dat geen Inboorling toegelaat sou word om met 'n vuurwapen rond te loop, tensy hy voorsien was van 'n verlof brief van sy diensheer. Die vuurwapens van Inboorlinge wat nie van so 'n verlof brief voorsien was nie, sou verbeurtverklaar word.⁴

Die ontdekking van diamante het nie alleen die verhouding tussen die Boere en die Inboorlinge op die grense nie, maar ook die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Inboorlinge binne die Staat sterk beïnvloed. Die instroming van talle van Inboorlinge na die diamantvelde het duisende Inboorlinge in besit van vuurwapens gebring. Die terugkerendes koop gewere en verkoop dit weer aan die verder in die binneland.⁵

Die englischen Beamten der Diamantfelder hinderten diesen Handel nicht oder konnte ihn nicht hinderen, denn die Minenbevölkerung hatten den Vorteil dass massen van Arbeiten hierdurch herbeizogen wurden. 6.

Nieteenstaande dit teenstrydig was met die Sandrivier-Konvensie het hierdie handel plaasgevind met die goedkeuring van die

-
1. St. Court. Z.A.R. No. 34 20 Oktober 1863; St. Court.Z.A.R. No. 44, 1 Maart 1864.
 2. Dr. S.P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe bls 96.
 3. S.N. 105/79.
 4. St. Court Z.A.R. No. 159, 24 Julie 1866 K.G. No. 76.
 5. D.A. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben, bls.51 R. 69/73; R. 990/73.
 6. D.A. Merensky Erinnerungen aus dem missionleben, bls.293

1
Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en die Britse Regering.
Toe hy in September 1872 die diamantvelde besoek, is deur 'n
deputasie onder sy aandag gebring, dat mens nie genoeg arbei-
ders sou kry om die diamantvelde te bewerk as die handel in
vuurwapens verbied sou word. En na hy die saak ondersoek het,
het Sir Henry Barkly besluit, dat die handel in vuurwapens nie
gestrem moes word nie. Inboorlinge wat van verlofbriewe voor-
sien was, is toegelaat om vuurwapens te koop.²

Omdat daar so baie Kaffers die land verlaat het om vuur-
wapens op die diamantvelde te gaan koop, het die Volksraad Kom-
missie wat in 1871 aangestel is, om Naturelle sake te ondersoek
in November 1871 die aandag van die Raad daarop gevestig dat
daar meer arbeidskragte in die Suid-Afrikaanse Republiek be-
skikbaar sou wees, as die Inboorlinge toegelaat word om in
die Republiek vuurwapens te koop, omdat hulle dan nie die land
sou verlaat om dit op die diamantvelde te kry nie.³ Verder het
die Kommissie daarop gewys, dat groot hoeveelhede vuurwapens
tog ongestraf die land ingekom het.

Die Volksraad wou egter die saak nie as verlore opgee
nie en op 16 April 1872 skrywe die fungerende Staatspresident
aan die Hoë Kommissaris en protesteer teen die "open handel
met naturellen in vuurwapenen en ammunitie.", en verlofbriewe
wat daartoe verleen word op die diamantvelde onder die bestuur
van die Britse Regering, omdat dit nie alleen teenstrydig met
die Sandrivier-Konvensie was nie, maar ook "hoogst gevaarlijk
voor de rust en de vrede van geheel Zuid-Afrika."⁴ Wanneer

-
1. R. 35/75 - Sir Henry Barkly aan President Burgers 28 Des. 1874.
 2. Dr. W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, (1906) bls. 189.
 3. E.V.R. 114 - Kommissie Rapport 1 November 1871.
 4. St. Court. Z.A.R. No. 417, 16 April 1872.

dit in die kraam van die Britse Regering gepas het, het die Hoë Kommissaris die Sandrivier-Konvensie erken, maar toe die lewe van die inwoners van die Suid-Afrikaanse Republiek in gevaar gestel is, deur dat Britse onderdane die bepalinge van die Sandrivier-Konvensie oortree het, het die Staatspresident die Hoë Kommissaris tevergeefs daaraan herinner, dat die Konvensie "ook in gedachten gehouden moeten worden bij den verkoop van ammunitie en vuurwapenen aan Naturellen."¹

Kennis is wel op die dianantvelde gegee, dat verlofbriewe nodig was vir die aankoop van vuurwapens, maar dit het nie stremmend gewerk nie want gretige verkopers het verlofbriewe graag verkry. Op 13 April 1872 berig Jul Jeppe aan die Regering dat duisende Inboorlinge van die Suid-Afrikaanse Republiek op die manier vuurwapens verkry. Hierdie INBOORLINGE het nie net in groepies van tien of twintig getrek nie, maar in klompe van honderd en meer.²

Op 23 Januarie 1873 het die Staatsekretaris van die O.V.S. ook namens die Regering van die Staat " in de sterkste bewoording en op de meest besliste wijze" teen die handel gevestigteer en ook daarop gewys dat die vrede van die hele Suid-Afrika daardeur in gevaar gebring word.³

Die onmoontlikheid om die invoer van vuurwapens te belet het gaandeweg vir die Regering duidelik geword. Daarom is in 1873 besluit dat 'n invoerbelasting gehef sou word op

-
1. St. Court. Z.A.R. No. 417, 16 April 1872 - Brief van D.J. Erasmus aan Sir H. Barkly, 16 April 1872.
 2. D.J. Coetzee aan die Posmeester Generaal, 27 Mei 1872: Hier is zeker in die laaste drie maanden over duizend kaffers voorbij allen met nieuwe geweren (Naturelle van Soutpansberg) J.A. Rosevelt Postmeester van Hebron teken aan op 7 Februarie 1872: Ik heb niets belangrijks mede te deelen behalven het feit dat groot klompe Inboorlingen de Diamantvelden verlaten en dat iedereen van hen een nieuwe percussie geweer draagt, er word gloijende(roaring) handel in geweren gedreven door de winkeliers op de Velden . op 11 April 1872: Ontrent 250 Kaffers, allen met geweren gewapend passeerden dezen morgen . Op 2 Mei: De verkoop van ammunitie aan de inboorlingen gaat nog voort. St. Court. Z.A.R. No. 427, 1872. Sien ook R. 69/73 en R. 248/73.
 3. Dr. Leyds: De Eerste Annexatie, bls. 191.

vuurwapens wat die land ingebring word.¹ En om die administrasie van die saak makliker te maak, is op voorstel van die waarnemende Landdros van Mariko deur die Uitvoerende Raad besluit om die Kaptein Moiloo instruksie te gee om die invoerregte in te vorder. Hy moer maandeliks by die Landdros verslag doen van die ingevorderde geld en sou 5% daarvan as vergoeding ontvang.

Verder moes hy twee van sy Kaffers as konstabels aanstel om hom met die uitvoering van die pligte behulpsaam te wees.²

Dat die Staat heelwat inkomste uit hierdie belasting moes ontvang het, blyk uit die volgende: Op 12 Desember 1873 dus nie 'n maand na Moiloo instruksie ontvang het om die invoerbelasting te ontvang nie, maak hy al aanspraak op £25 as die deel wat hy volgens ooreenkoms moes ontvang.³

Binne die Republiek moes Burgers van die Staat voorsien wees van 'n permit voor hulle 'n vuurwapens kon koop. Vreemdelinge kon alleen 'n permit kry as hulle deur 'n "huishoudend" burger aanbeveel is. Naturelle is dus nie toegelaat om binne die Suid-Afrikaanse Republiek self vuurwapens te koop nie.⁴ Hulle kon dit egter invoer.

Om 'n beter kontrole te kry oor die vuurwapens wat in besit van die Inboorlinge was en die rondlopery van gewapende Inboorlinge te beperk, is in 1876 bepaal, dat geen Inboorling geregtig sou wees om sy lokasie of woonplek te verlaat met 'n vuurwapen, tensy dit die Goewernements stempel dra en die draer 'n pas besit wat uitgereik was deur 'n bevoegde staatsamptenaar. Elkeen kon die pas eis en by gebrek daaraan die wapen konfiskeer.

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 517. U.R.B. 17 Januarie 1873, Art. 41.
 2. U.R.B. 17 November 1873, Art. 208.
 3. U.R.B. 30 Desember 1873, Art. 254.
 4. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 517 en 518.

Inboorlinge wat van buite af met vuurwapens ingekom het, moes by die naaste amptenaar dit vertoon en bevredigende bewys lewer hoe hulle in besit daarvan gekom het en die invoerreg betaal. Hierdie amptenaar moes die draer voorsien van 'n kwitansie en die Goewernements stempel op die wapen slaan.

Die invoerregte sou wees:¹

- A. Op elke loop 15/-
- B. Op elke pond kruit 1/-
- C. Op elke 1,000 doppies 4/-
- D. Op elke pond lood 3d.

Toe die Sekoekoenie onluste aan die gang was, is op 24 Junie 1876 die deurtog van handelaars na eenige naburige Kafferstam belet, en die Staatsekretaris aangewys as die enigste persoon wat permitte kon verleen vir die deurvoer van ammunisie.²

Kort na die anneksasie moes die Britse Administrasie die wrange vrugte pluk van hulle onversigtige politiek op die Diamantvelde, toe Sekoekoenie styfhoofdig weerstand gebied het.

Die Boere het probeer om die verspreiding van vuurwapens teen te gaan, omdat hulle bewus van die nadelige gevolge wat dit vir die Blanke beskawing sou hê. Aan die ander kant was daar Britse Imperialiste wat graag die Inboorlinge binne die grense van die Republiek wou bewapen om later die naturellegevaar wat die Republiek sou bedryg voor te hou, om Britse grondgebied in Suid-Afrika uit te brei.

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 665, Wet. No. 3, 1876, Arts. 11 - 14.
 2. St. Court. A.A.R. No. 642, 19 Julie 1876.